AKADEMIESE GEDRAGSKODE

Gedragsriglyne vir Studente

Datum	30 Julie 2018
Laaste aangepas	Mei 2018
Hersieningdatum	Julie 2021
Dokumentuitgawe	2
Voorgelê vir goedkeuring	1 Augustus 2018
Verantwoordelik vir implementering	Akademiese Raad

Akademia MSW (Maatskappyregistrasienommer: 2005/024616/08) is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as privaat hoëronderwysinstelling geregistreer ingevolge die Wet op Hoër Onderwys, 1997
Registrasienommer: 2011/HE08/005.

INHOUDSOPGAWE

1 INLEIDING....2

2 DOEL VAN DIE GEDRAGSKODE....2

3 AKADEMIESE GEDRAG....2

4 AKADEMIESE WAARDES....2

5 POSITIEWE LEEROMGEWING....3

6 AKADEMIESE INTEGRITEIT....3

7 VERANTWOORDELIKE GEDRAG....3

8 IMPLEMENTERING VAN DIE GEDRAGSKODE....4

AKADEMIESE GEDRAGSKODE

1 Inleiding

Hierdie gedragskode bied riglyne ten opsigte van gepaste akademiese gedrag, professionele akademiese waardes, ’n positiewe leeromgewing en om verantwoordelike gedrag by studente tuis te bring. Dié gedragskode is van toepassing op Akademia-studente en dosente.

2 Doel van die gedragskode

Die doel met hierdie Akademiese Gedragskode is om ’n produktiewe en stimulerende leeromgewing te ondersteun deur ontwrigtende en oneerbiedige optrede deur enige student te voorkom. Ontwrigtende akademiese gedrag word gedefinieer as gedrag wat ’n redelike persoon sou beskou as dat dit betekenisvol of gereeld óf die dosent se vermoë om te onderrig óf die student se vermoë om te leer, onderbreek. Die akademiese omgewing sluit in enige situasie waar ’n student betrokke is by handelinge wat tot akademiese krediet lei of die nakom van programgebaseerde vereistes of verwante handelinge.

3 Akademiese gedrag

Gepaste akademiese gedrag sluit in, maar is nie beperk nie tot;

- professionele akademiese waardes en -gedrag;
- ’n bydrae tot ’n positiewe leeromgewing; en
- hoë standaarde van akademiese integriteit.

4 Akademiese waardes

Studente toon professionele akademiese waardes en -gedrag wanneer hulle:

- by gepaste kommunikasie en interaksie betrokke raak;

- vertroue, respek en hoflikheid betoon; en
- die program- en vakinhoud as belangrik en noodsaaklik vir akademiese sukses benader.

5 Positiewe leeromgewing

Studente dra by tot ’n positiewe leeromgewing deur:

- op professionele wyse klasse by te woon;
- verantwoordelikheid vir span- en individuele werksopdragte te neem; en
- samewerkende verhoudings met ander studente en akademiese personeel te ontwikkel.

6 Akademiese integriteit

Studente hou die standaarde van akademiese integriteit in stand deur hulle te weerhou van akademiese oneerlikheid, wat kul, en plagiaat insluit maar nie daartoe beperk is nie – en wat hieronder gedefinieer word (kyk ook plagiaatverklaring en opdrag kontrolelys):

- Kul sluit in, maar is nie beperk nie tot, om in ’n eksamen of in die voorbereiding van materiaal wat aan assessering onderworpe is of tot ’n krediet lei by ’n ander student af te skryf of antwoorde of inligting, hetsy geskrewe of mondeling, aan ander te verskaf of van ander te ontvang.
- Plagiaat sluit in om iemand anders se taal, struktuur, gedagtes of denke te gebruik en dit sonder behoortlike erkenning as jou eie voor te hou; en
- Dat ’n mens iemand anders se skryfwerk of gedagtes gebruik sonder om skriftelike erkenning aan die skrywer te gee. Dit sluit in om van ’n medestudent se vraestel af te skryf of om van ’n teks of internetterme af te skryf sonder om die bron behoorlik aan te haal.

7 Verantwoordelike gedrag

Bogenoemde sluit nie alles in nie en bykomende vereistes bestaan in die gedragskode wat Akademia uitgegee het. Die volgende riglyne kan egter gebruik word om verantwoordelike gedrag by studente tuis te bring. Die verantwoordelike student behoort:

- die studiegids en toepaslike materiaal te lees;
- respek toon wanneer menings uitgespreek en na ander geluister word;

- hulleself daarvan weerhou om leesmateriaal, selfone en ander elektroniese toestelle, wat nie met die kursus verband hou nie, te gebruik;
- klasse by woon;
- voorbereid klas toe kom;
- huiswerk vir kontaksessies voltooi;
- aan klasaktiwiteite deelneem;
- die gedrag wat die dosent verwag, verstaan en navolg;
- alle werkstukke betyds inhandig;
- volle aandag aan die klasaktiwiteite gee;
- nie by sydelingse gesprekke betrokke raak nie; en
- nie die klas ontwrig nie.

Bo en behalwe die feit dat studente verantwoordelik moet optree, het hulle ook sekere regte in die akademiese omgewing wat behels dat hulle die reg het om van gehalte onderrig geleenthede, wat sowel uitnemendheid en billikheid weerspieël, voorsien te word.

Elke dosent onderneem om:

- die oortuiging te toon dat alle studente akademiese sukses kan bereik;
- werkstukke wat leer toepaslik maak te gee;
- burgerskap en lewensvaardighede te onderrig;
- elke student regverdig te hanteer;
- ’n veilige en positiewe leeromgewing te bevorder;
- ’n goeie rolmodel te wees;
- ’n versorgende, eerlike en professionele houding uit te straal;
- professionele groei en ontwikkeling by te hou;
- vertroulikheid te handhaaf; en
- by gedragskode en regulasies te hou.

8 Implementering van die gedragskode

OPGESTEL DEUR	DATUM	IMPLEMENTERING
Saretha Brüssow	Mei 2018	Word bevestig op AR 1/8/18
WYSIGING	**VOORGESTEL DEUR**	**DATUM**
Soos voorgestel	Akademiese Raad	1 Augustus 2018